


DRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

Ons is almal baie dankbaar vir die reën wat in die droë dele uitgesak het. Vir die mense is dit 'n baie welkome verligting.

Alles lyk na 'n goeie druiwe-oes wat op hande is. Ons kry effens wisselende terugvoer oor die tydsberekening van die oes, maar oor die algemeen lyk dit asof dit min of meer op dieselfde tyd sal begin as laasjaar. Dus 'n effens later oes as normaal. Die meeste kultivars in die Weskaap begin nou blom en oor die volgende week of twee sal dit ook meer duidelik raak hier hoe die seisoen gaan verloop.

Nuus uit die ander Wêreld-dele is dat daar minder druiwe in die VSA gestoor word. Die rede is waarskynlik tweeledig. Eerstens was daar maar probleme met water en hitte-golwe, maar probleme met arbeid en logistiek word ook ondervind. Party blokke word bloot net nie geoes nie. Dit wil ook lyk asof Spanje en Italië effens vroeër gaan klaarmaak.

Teoreties is dit dus goeie nuus vir ons. Brazil en Peru is egter alreeds in volle swang en dit is ook hier waar die grootste bekommernis van die komende seisoen alreeds kop uitsteek. Hieronder is die houers wat alreeds vanuit Brazil verskeep is.



Die skerp daling in week 41 is nie as gevolg van die beskikbaarheid van druiwe nie. Daar was wel reën in sekere areas maar dit het 'n klein invloed gehad. Die

rede vir die skerp afname in uitvoere is hoofsaaklik te wyte aan die beskikbaarheid van houers en skepe, veral houers en skepe vir koue-steri na die VSA. Hoe dit gaan uitspeel vorentoe (in Brazil) sal net die tyd leer. 'n Verskuiwing van baie duiwe na ander markte, spesifiek Europa en die VK is moontlik, gegewe dat houers en skepe dalk makliker daarvoor bekom kan word. Tans is die reaksie om die duiwe op hul lokale mark te stort wat uiteraard baie druk op hul lokale pryse plaas.

Eweneens voorspel Peru 'n oes van 115 miljoen kartonne. 'n Toename van 9% bo laasjaar. Die probleme met verskeping steek ook alreeds daar kop uit. Die verhoogde kostes van verskeping sowel as opeenhoping in die hawens in die VSA (kyk maar na die aantal houerskepe wat wag om af te laai in Los Angeles op die foto hieronder) en die Ooste gee hulle al klaar probleme. Hulle probeer hul bes om ander markte te benut om die opeenhoping op sekere plekke te verlig maar dit is nie altyd so eenvoudig nie.




Foto: Hawe van Los Angeles met skepe wat lê en wag om af te laai.

'n Baie moeilike logistieke proses word dus ook in Suid-Afrika verwag. Behalwe dat die verskepingkoste na ons grootste markte met 20-30% styg (die styging na party markte is tot 50%) is dit alreeds baie duidelik dat die verkryging van houers en die onbetroubaarheid van skepskedules (weens opeenhoping) probleme gaan veroorsaak. Goeie beplanning in die seisoen gaan dus van groot belang wees. Skattings van komende weke se verpakking en nougesette verpakking van die geskatte volumes gaan krities wees. Nuwe planne vir Donderdag of Vrydag se pak vir die naweek se verskeping gaan maar sukkel.

Sapex was die eerste twee weke in Oktober in die bevoorregte posisie dat ons die meeste van ons kliënte kon sien. Dit was broodnodige kontak om programme te finaliseer en planne vir die komende seisoen te maak. Ons is in die gelukkige posisie dat die grootste gedeelte van ons geraamde oes wel in Supermark programme opgeneem is. Alles dui daarop die die ope mark vanjaar, soos sedert die aanvang van Covid, baie onvoorspelbaar gaan wees.

Die kliënte is almal terdee bewus van die drastiese prysstygings wat met die meeste produksiekostes ondervind word en almal probeer om 'n prysstyging in die Supermarkte te bewerkstellig. Die realiteit is egter dat 'n toename in beskikbare produkte (veral sagte vrugte) voorspel word. Om hierdie toenames te absorbeer maak prysstygings byna onmoontlik. Dit bly egter deel van ons gesprekke met elke kliënt.

Een boodskap wat egter vanaf elke enkele kliënt dieselfde is, is dat druiwe vanjaar, meer as ooit te vore, 'n goeie houvermoë sal moet hê. Meeste kliënte sê onomwonde dat hulle vanjaar 2 – 3 weke se voorraad sal moet dra, in plaas van die gewone 1 – 2 weke. Dit is om voorsiening te maak vir die onsekerheid van skeepskedules. Druive wat dus nie die houvermoë het nie, moet nie gestuur word nie. Die boodskap is: "When in doubt, don't ship". Baie markte het tans ook net nie die arbeid om probleme te hanteer en oor te pak nie. Druive wat dus bewerk moet word, gaan baie moeilik wees om te hanteer.

Verpakking was ook 'n groot besprekingspunt by die kliënte. Die groot druk vanaf plastiek na karton of papier het effens stoom verloor tydens Covid maar daar kan verwag word dat dit vorentoe weer op die voorgrond gaan tree. Lande soos Frankryk verbied alle enkelgebruik plastiek vanaf 1 Januarie 2022 en Mauritius se verpakking is alreeds 100% plastiekvry. Daar is ook 'n baie sterk beweging weg van clamshell punnets na heat-seal punnets. Die verwagting is dat die volgende stap 'n karton punnet sal wees met 'n heat-seal plastiek film sodat die produk nog steeds sigbaar is. Die kostes en produksiekapasiteit verbonde aan die tipe verpakking is egter 'n groot kopseer vir almal.

Ons lokale bemarkingsarm se beplanning is ook alreeds gedoen en benewens die huidige markte in veral Gauteng en Kwazulu-Natal, beplan ons ook om die blootstelling na die Eilande en Afrika te vergroot.

Ons besoek die week die Mpumalanga en Limpopo gebiede en sal binnekort ook die Oranjerivier gebied besoek om alles deur te gesels en die beplanning reg te kry.

Groete.

Sapex Span